

Die Wet van God

Op een geleentheid wou sekere vyande probeer om Jesus met 'n moeilike vraag vas te vra. "Meester, wat is die groot gebod in die wet?"¹ Jesus se antwoord het een van die belangrikste waarhede oor God se wet geopenbaar: Dit is gebaseer op liefde. "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand," het Hy gesê, en "jou naaste soos jouself."²

Wet en liefde

Die apostel Paulus het gesê dat "die liefde is die vervulling van die wet,"³ en Hy het ook gesê dat die hele gebooië in die volgende woorde opgesom is, "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."⁴ Jakobus het liefde God se "koninklike wet" genoem.⁵

'n Noukeurige studie van die Tien Gebooië wys dat die eerste vier handel oor ons liefde en respek vir God, terwyl die laaste ses liefde en respek teenoor ander mense van ons vereis.

Adam en Eva in Eden het nie die geskrewe wette nodig gehad ten einde God se wil te ken nie. Sy teenwoordigheid in hulle harte het heel natuurlik aan hulle geopenbaar wat goed was en hulle teen die kwaad gewaarsku. Ideaal gesien, sal om God in ons harte te hê, al

wees wat ons nodig sou hê ten einde Sy wet te verstaan.

Ongelukkig het sonde 'n skeiding tussen God en die mens veroorsaak, en is ons nie langer in staat om te onderskei tussen goed en kwaad nie. Dit is waarom God vir ons 'n gids gegee het om vir ons te wys hoe om lief te hê – en hoe om nie lief te hê nie. Ons noem hierdie gids die "Tien Gebooië". God het dit op klip geskryf ten einde te illustreer dat hulle op die ewige beginsels van Sy regering gebaseer is. Ons as mense is egter nie in staat om God se gebooië op ons eie te onderhou nie. God het dus beloof om direkte kommunikasie met ons te herstel deur 'n nuwe ooreenkoms (sommige noem dit 'n "nuwe verbond").⁴

Maak hierdie nuwe ooreenkoms dus God se Tien Gebooië tot niet?

Die wet en die nuwe ooreenkoms

In 2 Korinthiërs 3, het die apostel Paulus gestaaf dat die nuwe ooreenkoms hoër is as die oue. Baie Christene verstaan dat Paulus bedoel dat die nuwe ooreenkoms die Tien Gebooië afgeskaf het, en hulle noem enigeen wat probeer om dit te onderhou 'n werkheilige. Hierdie verkleining van God se wet is die rede waarom so min Christene vandag selfs een van die Tien Gebooië kan opnoem.

Die verheuenheid van die nuwe ooreenkoms is gesetel in Jesus Christus. Hy het die prys vir ons sondes, wat die wet vereis, betaal en so die verhouding tussen God en sondaars, wat verbreek was toe Adam en Eva ongehoorsaam was, herstel. Die nuwe ooreenkoms skaf nie God se wet af nie. Dit laat eerder die Heilige Gees toe om God se Tien Gebooië in ons harte en verstande te skryf wat dit moontlik maak vir ons om hulle waarlik te gehoorsaam. Dit is waarom Hebreërs 10:16 sê, "Ek [God] sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe."⁷

Die letter van die wet is koud en onpersoonlik. Al wat dit kan doen, is om diegene te beskuldig wat dit verbreek.⁸ Die wet lig ons in oor God se wil, maar dit motiveer ons nie om Sy wil te gehoorsaam nie. Onder die nuwe ooreenkoms, lei die Heilige Gees eerder ons verstande sodat ons gedagtes en gevoelens in harmonie met die wet is. Die Gees wys ons geleidelik op elke sonde, maar sonder om ons bang te maak of ons te oorweldig met laste wat te swaar is om te dra.

'n Uitdrukking van Liefde

Indien die wet nie 'n noodsaaklike deel van die Christelike lewe was nie, sou Jesus nie gesê het dat dit ewig van aard is nie.¹ Die wet is 'n afdruk van God se karakter. Solank as wat God bestaan, net solank sal Sy wet bestaan. Solank as wat Jesus in mense se harte leef, net solank sal die Heilige Gees ons lei na die ewige beginsels van die wet.

Salomo het gesê, "maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy."² Gehoorsaamheid aan God se gebooië is die natuurlike reaksie van die Christen wat Jesus liefhet. Per slot van sake het Jesus gesê, "As julle My liefhet, bewaar my gebooië."³ Ons gehoorsaam God se wet as 'n uitdrukking van ons liefde vir Hom. Ons gehoorsaam – nie ten einde gered te word nie, maar omdat ons deur Sy genade gered is. Dit is alles 'n saak van liefde.

¹ Vergelyk Matteus 5:17-19.

² Spreuke 29:18.

³ Johannes 14:15.

Die ewige aard van God se wet

Die ewige aard van God se wet was honderde jare voordat Jesus gebore is, bevestig. Die Bybel sê, "Al sy [God se] bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir ewig."⁹ Die wet is 'n uitdrukking van God se karakter. En omdat God ewig is, moet Sy wet ook ewig en ewigdurend wees.

God se wet is gebaseer op ewige beginsels wat die sosiale en morele welstand van die gemeenskap bewaar. Die harmonie en vrede wat so belangrik is vir ons huise is gegrond in gehoorsaamheid aan die beginsels van God se wet.

Om die wet van God te gehoorsaam, is nie wettiesheid nie. Wettiesheid is om die wet te gehoorsaam as 'n manier om verlossing te verdien. Die apostel Paulus het hierdie houding teenoor die wet verwerp, maar terselfdertyd het hy die wet verhoog as "heilig en regverdig en goed."¹⁰ Op 'n ander plek het Paulus gevra, "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet."¹¹ Vir Paulus was om God se geboorte te onderhou, van uiterste waarde.¹²

Om God se wet te onderhou, maak nooit van enigiemand 'n slaaf nie. Inteendeel, dit wys ons die pad wat na vryheid van sonde lei. Onder andere, is sonde om God se wet te verbreek.¹³ Sonde hou ons met kettings gevange wat

onmoontlik is om met die menslike oog te sien. Die wet en die Heilige Gees bied vryheid van hierdie onsigbare kettings van sonde en wys ons die pad na vryheid. Dit is waarom die Bybel God se wet ook "die wet van vryheid" noem.¹⁴

¹ Mattheus 22:36.

² Verse 37,39.

³ Romeine 13:10.

⁴ Vers 9.

⁵ Jakobus 2:8.

⁶ Vergelyk Jeremia 31:31-33; Mattheus 26:28.

⁷ Vergelyk ook Jeremia 31:31-33; Esegïel 36:26,27.

⁸ Vergelyk Romeine 3:20; 4:15; 7:7.

⁹ Psalm 111:7,8.

¹⁰ Romeine 7:12; vergelyk ook 1 Timotheus 1:8.

¹¹ Romeine 3:31.

¹² Vergelyk 1 Korinthiërs 7:19.

¹³ Vergelyk 1 Johannes 3:4.

¹⁴ Jakobus 2:12.

Oor Hierdie Sakgrootte Tekens

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie Sakgrootte Tekens artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Persoonlike Bedieninge
Posbus 75700
Bedford Gardens
2047

of skakel ons by
(011) 616-6800

TEKENS

VAN DIE TYE

DIE WET VAN GOD

Sakgrootte Tekens